
YANG KAHIER

# Antwoord aan Zuid-Afrika




NL. T. 182
2/1968)7

# A N T W O O R D   A A N   S U I D  -  A F R I K A

Werkten aan dit nummer mee :


| | | |
|---|---|---|
| p. 2 | Fernand Auwera | Bij wijze van inleiding |
| I | Breyten Breytenbach | Aan die Hollandse en Vlaamse skrywers |
| 7 | Willy Copmans | Uit principe tegen Zuid-Afrika ? |
| 10 | Raf Decnock | Feiten als antwoord |
| 17 | Jan Deloof | Recensie |
| 20 | Jef Geeraerts | Zonder titel |
| 22 | René Gysen | Open brief aan Yang |
| 24 | Nico de Neef | Met masker en zotspak ! |
| 27 | eric/pijnaken | Blanke macht is demonstratie onmacht |
| 36 | Margrit de Sablonière | Politieke onnozelheid of vuige propaganda |
| 41 | Tom Schalken | Brief |
| 43 | S.Scholliers | De onmogelijke apartheid |
| 57 | Alfons Van Mensel | Een historische werkelijkheid ? |
| 66 | Eddy Van Vliet | Mij jonger broer |


Citaten en uitspraken :


6 Korte inhoud van de leer der apartheid
9 Land van voorspoed en welvaart
16 Michel Leiris
19 Uit onverdachte bron
21 Wie zijn kinderen liefheeft spaart de roede niet
23 Nelson Mandela
26 Een bezoek aan de dierentuin - Les in wellevendheid
35 Bantustans - bedrog zonder weerga
40 Denken aan Kafka
42 Sharpeville
56 Arbeid adelt
65 Thomas Karis - Albert Luthuli
70 James Baldwin - Ernesto Guevara - George Peake
71 Bronvermelding
72 e.v. : Bijlage


S a m e n s t e l l i n g
F e r n a n d   A u w e r a

I

Breyten Breytenbach

## AAN DIE HOLLANDSE EN VLAAMSE SKRYWERS

Ek is geensins van plan om hier weereens, en tot vervelens toe, Suid-Afrika se rassepolitiek en die internasionale implikasies daarvan onder u aandag te bring nie. Geen enkele geïnformeerde koerantleser, al is hy ook hoe behep met die oorlog in Viëtnam, die presidentsverkiesing in Amerika, die studenteopstande oral, selfs met die taalstryd in België - en al is hy ook hoe bevooroordeeld teen die aspirasies van die sg. 'Derde Wêreld' kan nou nog voorgee dat hy nie weet wat in Suid-Afrika aan die gang is nie. Die owerhede en segsmanne stel immers hulle beleid duidelik genoeg. Die verteenwoordigers van die onderdrukte en stemlose meerderheid het ook hulle doelstellings herhaaldelik uiteengeset. Die Westerse, wit lande - vanaf Amerika tot die Sowjetunie - het noù, in hierdie pouse waartydens die voorbereidings getref word vir die finale aanslag op die reaksionêre en totalitêre vesting van blanke baasskap in Afrika, miskien nog één kans om te bewys dat hulle die situasie is sy ware perspektief sien en bereid is om daarvolgens te reageer.

(a) Apartheid beteken dat die nie-swarte minderheid in Suid-Afrika (om en by 4 miljoen uit 'n bevolking van 18 miljoen) die land met al sy bewoners en in al sy aspekte - polities, ekonomies, sosiaal en kultureel - wil regeer tot in die verste verskiet. Omdat die wêreldgemeenskap a.g.v. milde gewetenskwellinge hulle daartoe dryf is hulle bereid, in die teorie, om tot 'n skikking te kom : 'n verligte en paternalistiese despotisme wat voorsiening maak vir 'tuislande' (selfs dan net 13 persent van die landsoppervlakte), Bantoe-onderwys (op sy allerbeste selde vergelykbaar met die vir blankes), nuwe lokasies, simboliese 'Rade vir Kleurlinge en Indiërs' (wat die indruk moet skep dat hulle verteenwoordig word, iéwers !) ens. Dit word 'demokrasie' genoem en is veronderstel

om die stelsel soepel genoeg te hou sodat dit die brutale botsings en spanninge inherent aan die dogma, en daarom aan die administrasie, kan weerstaan.

Dan praat ek nie eers van daardie reeks onderdrukkende wette wat van Suid-Afrika 'n suiwer polisiestaat gemaak het nie.

Die twee politieke organisasies wat die meerderheid verteenwoordig - die African National Congress en die Pan-Africanist Congress (albei onwettig verklaar met hul leiers in tronke, ballingskap of ondergronds) gaan van nou af oor tot 'n gewelddadige vryheidsoorlog nadat hulle sedert vyftig jaar tevergeefs probeer het om die onregte te herstel by wyse van petisies, afvaardigings, stakings, optogte en al die ander politieke handelswyses waarvan gebruik gemaak kan word in 'n land van Westerse, Christelijke kultuur.

Die eerste militêre konfrontasie van hierdie nuwe fase was tydens Augustus 1967 in die Zambesivalleie (dus op die gebied van 'Suid-Rhodesië') tussen vryheidsvegters van die ANC en ZAPU (Zambesi African Peoples Union) aan die een kant en die Suid-Afrikaanse en Rhodesiese veiligheidsmagte aan die ander. Hierdie stryd het in Januarie vanjaar hervat, duur voort en neem toe. Terselfdertyd vind die eerste botsings tussen Suid-Afrikaanse polisie en guerillas van SWAPO (South West African Peoples Organisation) plaas in Suid-Wes-Afrika.

Tot op hede bly die maksimale politieke eise van die betrokke bevrydingsfronte die moontlikheid om 'n vry en onafhanklike staat, sosialisties van inslag, op te rig : 'n staat waar elke burger - afgesien van sy ras of geloof - vir die stemreg kan kwalifiseer. Niemahd dreig om die wittes in die see te jaag nie. Die land het ook sy 4 miljoen tegnici, boere, sakemanne en intellektuele nodig.

(b) Daar was 'n tydstip in die geskiedenis, tydens Britse kolonisasie, toe daar geveg moes word om die voortbestaan van die taal en die 'volkseie'. Sedert 1948 is die Afrikaner aan bewind. Die meerderheid, of hulle nou Afrikaans- of Engelssprekend is, word aldag meer onderdruk in die naam van die 'Afrikaanse Kultuur' en die volkseie. Op een of twee uitsonderings na besorg hierdie inkwisisie oënskynlik geen slapelose nagte aan die Afrikaanse skrywers nie. Mens moet hier verwys na 'n algehele intellektuele

en morele verrotting - of dalk moet mens aanvaar dat morele oorwegings nooit veel getel het in hierdie harde Calvinistiese klimaat nie ? Tans word die werk van 46 Engelstalige Suid-Afrikaanse skrywers (Afrikaan, Kleurling, Indiër of Blank; goed of sleg; geëngageerd of propagandisties in strekking of nie) gedeeltelik of in die geheel verban. Sedert die Publikasiewet van 1964 gebeur dit ook dat van die Afrikaanse skrywers hulle eie werk vermink in 'n vorm van auto-sensuur om sodoende moontlike vervolging vry te spring. Die toedrag van sake bekommer blykbaar nie die Afrikaanse skrywer nie, selfs suiwer op grond van professionele oorwegings. Wat van u ?

(c) Dis onvermydelik dat hierdie gewapende konflik oor die hele suider-Afrika gaan versprei. Daar is toenemende samewerking tussen die Suid-Afrikaners, die onwettige régime van Ian Smith en die kolonialistiese bewind in Angola en Mosambiek (Portugese kolonies) - net soos die verskillende vryheidsbewegings in hierdie gebiede al hoe meer hulle stryd teen 'n gesamentlike vyand (die blanke besetter of die bleek Afrikaan) met 'n gemeenskaplike ideologie (blanke of 'Westerse' heerserskap) koördineer. Dit moet voorsien word dat hierdie wêrelddeel binnekort 'n internasionale brandpunt gaan wees met al die implikasies wat dit behels. Die oneerlike of die verwarde blanke sien dit as 'n heilige veldtog teen barbaarse hordes; die pragmatiese blanke sal dalk erken dat dit vir hom gaan om die handhawing van sy bevoorregte ekonomiese posisie as uitbuiter. Maar albei doen hulle voor as fakkeldraers van 'n Westerse beskawing en Afrika sien helaas nie enige tekens van bereidwilligheid van Europa en Amerika om hulle afstammelinge, rasgenote en 'verteenwoordigers' te onteien nie - as mens aanvaar dat hierdie bereidwilligheid bestaan !

Die Afrikaner se 'taalbroers' dra nog 'n bykomstige verantwoordelikheid. Afrika sal wil weet presies wat die Belg en die Hollander bereid was om te doen om hul verwante tot hul sinne te bring.

Ek dink dis van die uiterste belang dat 'n rassestryd wat die ontwikkelde lande teenoor die onderontwikkeldes gaan stel verhoed word - veral as mens in ag neem hoe die koloniale era reeds internasionale verhoudinge vergiftig het. Die eerste vereiste hier is dat u, as skrywers, u dissosieer van die rassepolitiek wat die Suid-Afrikaners namens Westerse beskawingsnorme volg.

Om neutraal te bly is nie genoeg nie - en onkunde is geen verskoning nie. Wat u eie gemeenskap betref sal dit ook interessant wees om te wys op die fenomenale winste op beleggings van Belgiese en Nederlandse kapitaal (in die myne bv.) in Suid-Afrika: munt geslaan uit die goedkoop swart handearbeid. Die aard en volume van handelsbetrekkinge tussen u lande en Suid-Afrika behoort aan die lig gestel te word. Suid-Afrika is bereid om duur te betaal vir 'n 'hands-off'-beleid van die buitewêreld. Die vryheidsfronte, en by name die ANC, behoort sover moontlik aktief en geldelik ondersteun te word.
Maar ek veronderstel dat dit moeilik sal wees om 'n verteenwoordigende groep Dietse skrywers te laat saamstem oor hierdie positieve vorme van politieke aksie.

Daarom wil ek u vra om 'n veldtog te loods wat, omdat dit 'n bepaalde betrekking het op skrywersaktiwiteite, meer byval sal kan vind. Ek wil u vra om 'n petisie op te stel waarin u
(i) u eie houding teenoor die situasie en die stryd wat reeds begin is duidelik maak;
(ii) die Afrikaanse skrywers daarop attent maak dat hulle huidige gebrek aan kritiek en die uitbuiting van die meerderheid deur 'n minderheid ook op kulturele gebied op die lange duur skadelik gaan wees vir hulle eie werk en die voortbestaan van Afrikaans in gevaar kan stel; en waarin u
(iii) u op 'n simpatieke manier gewillig verklaar - in samewerking met u uitgewers - om publikasiemoontlikhede te skep (in letterkundige blaaie bv.) vir Afrikaanse werk van waarde wat in Suid-Afrika verban kan word of reeds verban is.
Hierdie inisiatief moet vanselfsprekend van u kom.
Ek kan net weereens herhaal dat dit nou die kritieke oomblik is. Onthou, u is tot 'n groot mate ons 'Weste' en u kan nog die gang van sake beïnvloed omdat u as Vlaamse en Hollandse kultuurdraers die nodige aansien geniet.